Een Man Kan jong mans optree

Een man kan sy krag toon en standpunt inneem

AKSIEBLAD: JONGMENSE

In die voorportaal van 'n universiteitskoshuis betas 'n jong man 'n klasmaat, terwyl sy vriende hom aanmoedig, al probeer sy hom wegstoot. Ander mans wat daar rondstaan is ongemaklik, maar onseker oor wat om te doen. Hulle maak of hulle dit nie sien nie.



In 'n voorstad van Kaapstad molesteer 'n oom wat dikwels by hulle kuier 'n meisie seksueel. Sy vertel niemand daarvan nie omdat haar oom gesê het hy sal haar doodmaak as sy praat. Soos sy ouer word, wil sy niks met mans te doen hê nie. Sy is bang vir alle mans, selfs haar kollegas, en sê sy vertrou hulle nie.

Op 'n jeugkamp op Hermanus verkrag 'n seun 'n ander seun. Ander seuns sien wat gebeur; hulle weet nie wat om te doen nie. Hulle sê niks vir die mense wat in beheer is nie.

'n Vrou gaan na 'n partytjie toe met 'n man uit hulle jeuggroep. Hulle geniet dit en dis pret om bymekaar te wees. Hy sê aan haar dat hy wil hê sy moet saam met hom huistoe hom. Sy wil nie. Hy respekteer haar wense en laai haar af. Hulle maak planne om die volgende dag saam te kuier.

Jong mans en vroue het elke dag in Suid-Afrika te doen met kommerwekkend hoë vlakke van huishoudelike en seksuele geweld. Dié geweld gebeur by skole, op universiteitskampusse, in nagklubs, tuis en in ons gemeenskappe - en dit het verwoestende gevolge.

Baie jong mans is bekommerd oor die hoë vlakke van verkragting en ander vorms van afspraakgeweld. Hulle wil hê dat dit einde moet kry. Maar vêr te veel jong mans en seuns glo steeds dat "iemand seks moet hê om liefde te wys" en dat "meisies geen reg het om hulle kêrels seks te weier nie". Sommige glo selfs nog dat "meisies van seksueel geweldadige ouens hou en dat meisies daarvan hou om verkrag te word."

Navorsing wat gedoen is deur Sonke Geslagsgeregtigheid vir die Een Man Kan-vedltog in Kaapstad het ons gewys dat jong mans ook verkrag word en dat ons dringend iets daaraan moet doen.

In 1976 het die jeug landwyd die voortou geneem met die afbreek van die Apartheidsregime. Dieselfde moed en vasberadenheid wat die jeug toe aan die dag gelê het is nou nodig om verkragting en huishoudelike geweld stop te sit.

Jong mans het veral 'n baie belangrike rol om te speel

As jong mans het ons 'n besondere verantwoordelikheid om iets te doen aan die geweld wat sommige mans pleeg teenoor die vroue en meisies wat ons ken en vir wie ons omgee - ons susters, vriende, klasmaats en bure.

So, wat kan ons doen?

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Jy kan Optree: Wys jou krag, neem standpunt in

1. Ondersoek hou eie oortuigings en gedrag: Ons lewe in 'n samelewing waar vroue dikwels die skuld kry vir mans se geweld. Die samelewing maak allerhande verskonings vir man se geweld. Ons word vertel dat mans nie hulleself kan beheer wanneer hulle kwaad of gestimuleer is nie. Dit is 'n belediging vir mans. Ons is nie diere nie. Ons is mense met die vermoë om te kies hoe ons reageer. Dit is nooit in die haak om 'n vrou te verkrag, te teister of te mishandel nie.

2. Leer hoe om 'n oorlewende te steun: Maak tyd om te leer hoe om 'n oorlewende van verkragting of huishoudelike geweld te steun. Lees die "hoe om 'n oorlewende te steun" inligtingstuk in die Aksietoerusting. Vind uit waar jou naaste polisiekantoor en verkragtingnoodsentrum is - en onthou dat sy die reg het om met respek en liefde behandel te word en onmiddellik mediese sorg te kry, waaronder die medisyne wat MIV-besmetting keer. Maak seker dat sy die dienste kry wat sy nodig het en dring daarop aan dat die polisie moet optree.

3. Dit is ook in mans se belang dat huishoudelike geweld en verkragting stopgesit moet word: Wanneer sommige mans met geweld wegkom, word alle mans as verdag beskou en as moontlike verkragters en mishandelaars. En dikwels word die vroue vir wie ons baie omgee platgeslaan deur die geweld wat teen hulle gepleeg word. Dit is in ons belang dat geweld stopgesit moet word - vir onsself en vir die vroue in ons lewens.

4. Tree op om geregtigheid te eis: Die skole of universiteite wat ons bywoon het 'n beleid en prosedures wat veronderstel is om afspraakgeweld stop te sit. As Suid-Afrikaners gee ons grondwet ons die reg om sonder geweld te leef. As ons skoolbeheerrade, onderwysers, administrateurs of die plaaslike polisie nie alles in hulle vermoë doen om afspraakgeweld te keer nie, het ons die reg om te eis dat hulle dit moet doen. Ons kan petisies en koerantartikels skryf, optogte reël en selfs hulle kantore beset totdat hulle optree. Die DVD bevat 'n voorbeeld van aktivisme in Khayelitsha.

5. Ontwikkel sigbare boodskappe: Ons kan die mense om ons opvoed deur 'n groep te stig om boodskappe uit te dink wat ons kan opplak op die mure van die kampus, by die skool, die spazawinkel, die naskoolsentrum of die kerksaal. As jy 'n kunstenaar of 'n grafiese ontwerper is, kan jy 'n plakkaatreeks ontwerp. As jy 'n graffitikunstenaar is, spuit boodskappe op jou mure of verf 'n muurskildery wat mense uitbeeld wat die geweld stopsit.

6. Skryf artikels vir jou plaaslike koerant: Lug jou mening. Koerante stel dikwels belang in mans se perspektief op geweld teen vroue. Skryf 'n artikel vir jou kampus-, hoërskool- of plaaslike koerant oor die beëindiging van geweld teen vroue en kinders. Maak dit persoonlik en skryf oor jou eie storie en waarom jy standpunt inneem. Skryf kort en pittig.

7. Maak jou sportklub betrokke, voorkom geweld: Praat met jou afrigter en sê aan hom of haar dat jy dink dat hulle 'n rol moet speel in die hantering van verkragting en afspraakgeweld. Gee vir hulle 'n afskrif van die brosjure vir afrigters in die Een Man Kan-aksietoerusting. Praat met die sportsterre by jou skool en in jou gemeenskap oor die belangrike rol wat hulle kan speel. Herinner hulle daaraan dat baie mense opsien na hulle en die voorbeeld volg wat hulle stel. Nooi hulle om deel te neem aan jou bedrywighede.

8. Gebruik die uitvoerende kunste: Ontwikkel en voer teaterstukke, dansvertonings en liedjies uit wat ander opvoed oor verkragting en huishoudelike geweld en hulle aanmoedig om standpunt in te neem teen geweld teen vroue en kinders. Kreatiewe benaderings kan die uitwerking wys van geweld op die slagoffer, sowel as wat met die geweldspleger gebeur. Die DVD in die Aksietoerusting bevat 'n voorbeeld van 'n jeuggroep wat lokvalteater gebruik op 'n spoorwegstasie in Tembisa. Kyk die DVD vir idees en inspirasie.

9. Gebruik studenteleierskapsorganisasies: Werk met jou studenteleierskapsorganisasies om die invloed wat hulle op ander studente het te gebruik. Jy kan ook jou bestaande studentestrukture gebruik om groot gehore te bereik

10. Kry nie-geweldadige maniere om op te tree. In ons navorsing kon baie van die mans en seuns nie nie-geweldadige maniere uitdink om op 'n tree teen 'n geweldspleger nie. Baie mans het gedink die beste ding is om hulle te voeter. Wanneer die oortreder jou vriend of 'n klasmaat is, sal jy waarskynlik nie dit wil doen nie - en as geweld jou enigste opsie is, sal jy waarskynlik net stilbly. In plaas daarvan om geweld te gebruik, probeer om alleen met hom te praat, sê vir hom jy dink sy geweld is 'n probleem en dat jy dink hy behoort op te hou om ander mense seer te maak. Sê aan hom dat hy tronk toe kan gaan as hy nie ophou nie. Herinner hom daaraan dat daar geen verskoning vir mishandeling is nie.

11. Sien dit en stop dit. Daag afknouery, seksuele teistering en teen-gay diskriminasie uit by die skool, op die kampus en in jou gemeenskappe. Moenie deelneem aan grappies oor gays en lesbiërs nie. Om gays en lesbiërs te beledig is nie snaaks nie en dit wys nie dat jy in is nie. Dit wys bloot dat jy bedreig voel.

12. Werk met ander organisasies saam wat werk om mishandeling en geweld teen vroue en kinders te beëindig. Neem deel aan bedrywighede dat deur die regering in die nasionale kalender aangeteken is, byvoorbeeld die 16 dae van Aktivisme teen geweld teen vroue en kinders van die 25ste November tot die 10de Desember.

Vir inligting oor waar om hulp te kry, gebruik die Diensverskaffingsgids in die Een Man Kan-aksietoerusting, of besoek ons webwerf
www.genderjustice.org.za/onemancan

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Photos by Louise Gubb • Oscar Guiterez • Dean Peacock
Design by Limeblue +27 11 482 9470